**Sondag 15 Mei**

**Skrifgedeelte: Johannes 10:22-30; HK Sondag 12, Antwoord 31**
**Fokusgedeelte: Johannes 10:28, 29**

## Christus as Koning: Hy beskerm ons

Regering beteken ook beskerming. Trouens, wat beteken ’n regering as hy die volk waaroor hy regeer, nie teen vyande en gevare kan beskerm nie? Dit geld nou in heel besondere sin van die volk van God: hulle moet beskerm word, want daar is gevaarlike vyande wat hulle bedreig. *Van buite* word ons deur die aanvalle van Satan en die verleiding van die wêreld bedreig. *Van binne* word ons bedreig deur ons eie sondige natuur, die verraaier wat so gou en so maklik die deure van ons lewe vir die sonde kan oopmaak. Teen al hierdie sataniese en onchristelike magte beskerm Christus ons, omdat ons aan Hom behoort. Dit is wat Christus bedoel as Hy in Johannes 10:28-29 sê: “*Ek gee hulle die ewige lewe en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie ... Niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.*”

Soms beskerm die Here sy kinders so dat die vyand nie ’n hand op hulle kan lê nie. Dit moes koning Sanherib van Assirië ondervind, want toe hy in die tyd van koning Hiskia teen Jerusalem wou optrek om dit te verwoes, het die Here 185 000 van sy soldate in een nag laat sterf sodat hy onverrigtersake na Assirië moes terugkeer (Jes. 36, 39). God beskerm sy kinders egter nie altyd so nie. God laat soms toe dat sy volk deur oorloë, teëspoede en rampe geteister word. Soms word hulle kaal gestroop sodat hulle geen aardse besittings meer het nie. Christus het immers Self aan sy dissipels gesê: “*In hierdie wêreld sal julle dit moeilik hê*” (Joh. 16:13). Dan beteken die beskerming van Christus dat, wat ons ook al ontneem word, daar sekere gawes van God is wat ons nooit ontneem kan word nie, en dit is ons geloof in God, ons deelhê aan Christus se verlossing, ons skat in die hemel, ons plek in die Vaderhuis. Niks en niemand kan dit van God se kinders wegneem nie. Daarvoor sorg Christus, ons Koning, self (Joh. 10:28, 29). Niemand kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie (Rom. 8:38, 39). Wie sake in hierdie lig beskou, sien juis as Christene vervolg word die ontsaglike mag van Christus as Koning. Dan word dit immers duidelik dat Hy sy kinders só versterk in die geloof dat hulle hul band aan Hom nie verloën nie, selfs al moet hulle op brandstapels sterf of in die geweerlope van vuurpeletons vaskyk. So wil Hy ons by die verlossing wat Hy vir ons verwerf het, beskerm en bewaar. Dit is vir ons ’n groot troos met die oog op moeilike tye wat ons dalk nog kan beleef.